28 Februarie 2024

Aandag: **Voorsitter van die Kerk-/Gemeenteraad**
Leraars
Finansiële Beamptes, kassiere, saakgelastigdes

BYDRAES TOT GESAMENTLIKE BEDIENINGS (BGB)

Goeiedag vanuit die Sinodehuis.

Ons het in Februarie 2023 opleidingsessies gehad oor die nuwe manier van bydrae berekenings. Tydens die sessies is materiaal oor die proses en berekenings gedeel, en die metode breedvoerig verduidelik.

Die metode werk as volg:

- Alle inkomste van gemeentes word in berekening gebring;
- Kapitaal- en eenmalige buitensporige inkomste word afgetrek;
- Sekere uitgawes soos kostes vir sinode- en ringsittings, restant van versekeringseise en donasies aan entiteite soos CMR en SAVF mag ook afgetrek word;
- Die som hiervan is inkomste onderhewig aan BGB;
- Hiervan word 30% vrygestel sodat gemeentes die gemeentelede en gemeenskap kan bedien;
- Die antwoord op hierdie berekening staan bekend as die Bepalende Inkomste;
- 3.8% van Bepalende Inkomste is betaalbaar as BGB

BGB is as punt 7 by die Agenda van die 2022 Sinodesitting ingesluit waar dit bespreek en goedgekeur is as die nuwe werksmetode van die Sinode. Die voorlegging wat by die Sinodesitting gedien het en goedgekeur is word hierby ingesluit vir maklike verwysing.

In die 2023/2024 boekjaar het ons foutiewelik op die vorm aangedui dat slegs die netto van inkomste uit Spesiale en Toegewysde Fondse op die vorm gerapporteer moet word. Dit is teenstrydig met die metode wat tydens die Sinodesitting van 2022 goedgekeur is waar aangedui is dat alle inkomste (min aftrekbare inkomste en uitgawes) aan BGB onderworpe is.

Die marginale bedrag, wat bepaal dat gemeentes wat onder die minimum inkomste vir een leraar verdien outomaties 25% korting op die BGB bedrag ontvang, is nie aangepas met die 30% vrystelling op bepalende inkomste nie. Dit het daartoe gelei dat gemeentes marginale korting ontvang het terwyl hulle nie daarvoor sou gekwalifiseer as die korting syfer aangepas was nie.

uitamp@sinoos.co.za **012 804 9543**
Kirkialaan 37 Val de Grace, Pretoria 0184

Die goedgekeurde metode word vanaf die 2024/2025 boekjaar geïmplimenteer. Die hersiene vorm word in Excel formaat hierby ingesluit.

Gemeentes word daaraan herinner dat, ingevolge die nuwe goedgekeurde metode, die begrotingsvorms die Sinode voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar moet bereik. Ons besef egter dat hierdie skrywe te laat is daarvoor en versoek gemeentes om hul BGB begrotings voor 15 Maart by die Sinode in te dien.

Seënwense.

FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR
NG KERK OOSTELIKE SINODE